‘n Suid Afrikaanse aksie om die waarheid van die Evangelie aan die volgende geslag in Nederland te bring, het so begin:

Die Storms is in 1992 uitgestuur na Nederland om as direkteurspaar van IKEG nie-gelowige kinders met die evangelie te bereik.

WIE IS IKEG?

IKEG is die Nederlandse tak van CEF (Child Evangelism Fellowship). CEF werk internasionaal in meer as 160 lande met ±2500 voltydse en ±40 000 deeltydse werkers. IKEG werk al langer as 60 jaar in Nederland, het ‘n behoudende geloofsverklaring en verkondig die Evangelie suiwer.

IKEG - DOEL EN WERKSWYSE

Hulle streef om:

- buitekerklike kinders (en hulle gesinne) met die Evangelie te bereik,
- die wat bereik word te ondersteun sodat hulle geestelik kan groei,
- en hulle dan by Bybelgetroue Kerke te laat inskakel.
- om lidmate van Bybelgetroue Kerke aan te moedig, op te lei en te ondersteun om hul evangelisasieroeping – veral onder ongelowige kinders en tieners – te vervul.

IKEG streef na sy doel deur ook self:

- “Goeie Nuus” en Kerklike klubs, opelugbyeenkomste, saamtrekke, skoolbyeenkomste en kampe te hou
- Bybelgetroue evangelisasiemateriaal te ontwikkel en te versprei
- werkers op te lei vir evangelisasiewerk onder kinders en tieners.

Wie is die NKA?

Die Nederlandse Kinderevangelisasie-Aksie (NKA) bestaan uit gemeentes en individuele gelowiges in Suid-Afrika, wat ds. Marius en Amanda Storm se bediening in Nederland ondersteun.

Huidige situasie:

Marius en Amanda is oorspronklik na Nederland gestuur om die Here as direkteursegpaar van IKEG te dien. Hulle verantwoordelikheid het onder andere organisatoriese en administratiewe verpligtinge, die bekendstelling van IKEG, opleiding en direkte kinderwerk ingesluit. Die afgelope paar jaar het Marius se bedieningsgerigtheid stelselmatig verander. Hy het hom al hoe meer op toerusting en opleiding toegelê. Die verandering is deur verskeie faktore teweeg gebring. Daar is bijvoorbeeld ‘n groot behoefte aan nuwe geestelike leiers en werkers. Die deurslaggewende oortuiging het in hom gegroei dat dit daarom die wil van die Here was dat hy al sy tyd en krag aan die toerusting van kinderwerkers en ander gelowiges moet wy. Dit is noodsaaklik om ‘n nuwe geslag leiers op ‘n Bybelgetroue en diepsinnige manier toe te rus om weer op hulle beurt die evangelie aan ‘n verloregaande wêreld te verkondig.

Na onderhandelinge en gesprekke met belanghebbendes het die bestuur van IKEG besluit om hom van sy administratiewe verantwoordelikhede as direkteur vry te stel en aan hom toestemming te gee om hom op toerusting en opleiding toe te lê. In die praktyk beteken dit dat sy bediening huidiglik op twee bene staan: eerstens hanteer hy die opleiding van kinderwerkers en ander gelowiges wat die evangelie aan kinders verkondig. Tweedens bied hy die “Veritas” kursus aan. Veritas het ten doel om gelowiges toe te rus om die Woord van die Here reg te verstaan – om dit reg uit te lê en toe te pas. Hierdie kennis tot korrekte

interpretasie van God se Woord is hedendaags ‘n groot behoefte in Nederland omdat kerke en gemeentes al hoe verder weg beweeg van die Waarheid van die Bijbel en al hoe meer onder die invloed kom van humanisme en die sosiale wetenskappe. Die aanbieding van Veritas kan plaasvind op ‘n Bybelskool, in gemeente verband en in kleinere groepies. Omdat daar verskillende modules in Veritas bestaan, kan die belangstellendes persoonlike begeleiding ontvang en selfs ‘n diploma of graad ontvang. Die uitdaging is dus groot!

WIL U NIE BETROKKE RAAK NIE ?
Die Bybel leer ons dat gelowiges die *voorreg* en *verantwoordelikheid* het om *mee te werk aan die verkondiging van die Evangelie*. Die gemeente in Filippi het vir ons ‘n navolgingswaardige voorbeeld gestel deur die manier waarop hulle

- vir Paulus **gebid** (1:19),
- hom **moreel** (2:19 - 30) en
- **finansieël** (4:15 - 20) ondersteun het.

Daarom het ons die vrymoedigheid om u te nooi om by hulle bediening betrokke te raak. Wil u nie asseblief vir die Storms en die aksie ***voorbidding*** doen en as dit moontlik is vir hulle en die bediening in Nederland ***finansieël*** ondersteun nie.

NAVRAE
As u enige navrae het kan u een van die volgende persone kontak :
Marius Storm (nederkaners@gmail.com of 0031 555 431893)
Hendrik Hefer (heferh@mweb.co.za of 011 742-2371)
Wilna Smit (wilna.smit@mweb.co.za of 012 6613206)

Posadresse : Die NKA
Posbus 3259,
Dalview,
1544

Familie Storm
Gruttersdreef 106,
7328 DN Apeldoorn,
Nederland.
www.stormpies.co.za
www.ikeg.nl
www.veritascollege.org

(Bankbesonderhede: NKA, ABSA rek nr 240145995)

Vul die responskaart in en pos dit vandag nog of neem kontak met ons op!